PREEK
Sondag 10 Junie 2007
Ds Freddie Schoeman

Lees Openbaring 21:1 – 8

Eerste paar verse van hoofstuk 21: Spanning tussen die reeds en die nog nie. Die nuwe Jerusalem, die stad, is besig om neer te daal uit die hemel. Die woonplek van God is nou by die mense en Hy is reeds besig om die trane af te droog en te troos maar eendag sal daar geen meer leed, smart en pyn wees nie. Op die oomblik is daar nog leed, smart en pyn … maar God is nou reeds besig om iets daaraan te doen en eendag sal daar heeltemal niks meer wees wat trane veroorsaak nie.

God se koninkryk het reeds gekom – maar nog nie volkome nie. Dit is nog besig om te kom.

Sprake van 'n beweging / ontwikkeling. Daar is reeds 'n begin gemaak met die nuwe hemel en die aarde, maar dis nog nie klaar nie. Jesus: die tyd is nou die koninkryk van God het naby gekom. God is nou reeds besig om sy heerskappy te vestig – maar die ryk van die bose is nog nie finaal oorwin nie. Ons leef tussen die tyd van die koms van God se koninkryk en die finale oorwinning oor die bose. In hierdie tussentyd is daar spanning en stryd tussen lig en duisternis, tussen die goeie en die bose en tussen goed en sleg.

Vanaf 21:9 word die stad beskryf:

[Lees 21:9 – 27]

Stad=bruid=kerk

Op elke poort is daar 'n naam geskryf – een van die name van die twaalf stamme. Dit is vir ons 'n aanduiding van wat aan die binnekant van die mure is: die volk van God / God se mense.

Fondament: twaalf apostels. Die kerk is gebou op die fondament van die apostels. (Vgl Ef 2:20 *: Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is.*) Verdere aanduiding van wat aan die binnekant van die muur is: die kerk / die gelowiges.

Die stad is in 'n kubus-vorm. Soos die allerheiligste van die tempel. (1 Kon 6) Ons weet die tempel is vernietig – die stad kom in plek van die tempel. Net soos die kerk in die plek van die tempel kom. *In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here …* (Ef 2:21).

Twaalf twaalf twaalf = simbolies van mense wat in God glo.

Bruid = stad = kerk (God se mense)

Ons leef in die spanning van die tussentyd: die reeds en die nog nie. Wat is die kerk veronderstel om te doen in hierdie tussentyd?

As bruid van Christus is ons is veronderstel om die heerlikheid van God se heerskappy te reflekteer. Iets van die toekomstige heerlikheid waar maak. Ons moet die stad bou. Eintlik is dit God wat bou – ons moet bereid wees die lewende stene van die gebou te wees (1 Pet 2:5 – *Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis …*)

Hoe?

[Lees Openbaring 22:1-5]

Die stad is aan die kom. God is besig om die stad te bou. Ons moet iets van die stad nou reeds waar maak deur lewense stene te wees deur die volgende te doen:

- Die water van die lewe wees / gee vir mense wat dors het. (vers 1)
- Genesing bring vir stukkende en seer mense. (vers 2)
- Lig en hoop bring in donker en moedelose omstandighede. (vers 5)

Die water van die lewe wees / gee vir mense wat dors het.
Gesprek met Samaritaanse vrou. Wie van die water drink wat Ek gee sal nooit weer dors kry nie. Water is 'n noodsaaklike lewensmiddel. Daarsonder sterf mense. Dehidrasie / ontwatering kan fataal wees as dit nie behandel word nie. Om sonder water te wees is dodelik. Maar sonder die lewende water waarvan Jesus praat te wees beteken om geestelik te sterf. Die mense van die wêreld smag na hierdie lewende water. Ons moet dit vir mense bring.

Ons moet soos die Samaritaanse vrou terughardloop na die dorp toe en vir mense van Jesus vertel. Ons moet mense se geestelike dors

gaan les. Daarsonder sterf mense – nie net fisies nie; nog erger: geestelik.

Kultuurwaarnemers sê vir ons dat ons besig is om van 'n moderne na 'n postmoderne era te beweeg. Moderne mense kan heel gemaklik sonder God klaarkom. Hulle verstand en die wetenskap is heeltemal goed genoeg. Maar onder die postmoderne mense is daar 'n soeke na iets meer. In hierdie stadium soek hulle dit nie by die kerk nie. Ons moet hulle na die bron van die lewende water toe lei.

Genesing bring vir stukkende en seer mense. Eendag sal daar 'n boom wees wat vrugte dra en genesing bring. Iets van die genesende krag van hierdie boom moet nou reeds sigbaar wees.

Ons leef in 'n wêreld waar mense seer het en swaar kry. Die lewe het 'n manier om rof met mense te werk. Baie mense sit met die pyn van molestering, mishandeling, verkragting – diep emosionele pyn waarvoor daar nie kitsoplossings of –antwoorde is nie. Dan is daar siekte, armoede, nood, misdaad. Ons lewe in 'n siek wêreld – maar God wil dit genees en sal dit eendag volkome doen – maar ons moet nou reeds iets daarvan waar maak.

Dawid Bosch
Diegene wat weet dat God eendag al die trane sal afdroog, sal nie met gelatenheid die trane van diegene wat nou ly en onderdruk word aanvaar nie. Elkeen wat weet dat daar eendag nie meer siekte sal wees nie moet nou reeds aktief die oorwinning daarvan antisipeer deur siekte in individue en gemeenskappe te beveg. En almal wat glo dat die vyand van God en mens eendag finaal oorwin sal word, sal nou reeds sy bose werkinge in ons gesinne en gemeenskappe beveg.

Lig en hoop bring in donker en moedelose omstandighede. (Die nasies sal in die stad se lig lewe – Op 22:24). Omdat die duisternis eendag volkome gaan verdwyn moet ons nou reeds iets van daardie lig reflekteer. Wanneer mense beleef dat die duisternis oor hulle toesak, moet ons nuwe lig en nuwe hoop aan hulle bring. Wanneer mense beleef dat hulle lewe 'n doodloopstraat bereik het, moet ons nuwe lewensmoontlikhede vir hulle oopbreek.

Is die kerk (ons gemeente) gerat om dit te kan doen? Daar sal 'n denkskuif moet plaasvind. Tans lyk baie kerkmense se denkraamwerk so:



Alles draai rondom die "ek": "Die kerk bestaan ter wille van my behoeftes en begeertes. Daar moet aan my behoeftes en begeertes voldoen word. Ek sal die kerk ondersteun solank daar aan my behoeftes voldoen word. Indien nie, dan onttrek ek my tyd, talente en tiendes. Of ek gaan soek ander gemeente wat dit kan doen."

Joh 3:16 word omgekeer: Want so lief het God die ~~wêreld~~ **my** gehad ...

Dit is waarom groter gemeentes al hoe groter word en kleiner gemeentes al hoe kleiner. Kleiner gemeentes het net nie die hulpbronne om alles te bied wat groter gemeentes kan nie. Dis soos 'n hoekkafee wat met 'n supermark kompeteer.

Die nood en die behoeftes van die wêreld is 'n bysaak

Ons moet beweeg van bostaande denkraamwerk na hierdie een:



Die klem van Johannes 3:16 moet weer herstel word. Die kerk bestaan ter wille van die wêreld. Die ek as gelowige het die groot voorreg om deel te kan wees van die werk van die Here deur sy kerk in die wêreld.